

# KOERSVAS

Jaargang 4      Uitgawe 84      8 April 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Slag-(offer)-ordes en eise

In die toepassing van regstellende aksie is daar baie vrae wat gestel kan word. Waarom dit enigsins oorweeg? Is dit effektief? Kan dit regverdig word? Hoe lank moet dit toegepas word? Moet dit in wetgewing verskans wees? Hierdie en vele vrae word van die tafel gevee deur die voorstaanders van sosiale geregtigheid.

'n Teorie wat in die sosiale wetenskappe geformuleer is, word onwetend in ons land gebruik en gesteun. Die interseksie-teorie is oorspronklik deur sogenaamde Afro-Amerikaanse feministe uitgedink in die sewentiger jare van die vorige eeu. Die toepassing van die teorie het gegroei tot by die punt waar ons 'n hiërargie van slagoffers kan opstel!

Wat is die inhoud van die teorie?


As vertrekpunt word gestel dat daar onderdrukking van sekere groepe plaasvind in die gemeenskap. Hierdie gedagte is in lyn met die filosofie van sosiale kommunisme wat deur die neo-Marxiste geformuleer is.

Hoe word die onderdruktes geïdentifiseer? Die teorie gaan van die standpunt uit dat mense wat bevoordeel word, sistemies bevoordeel word. Volgens die teorie is



verskillende sisteme van bevoordeling nie in isolasie te verstaan nie. Die verskillende sisteme van onderdrukking (bevoordeling) is aan mekaar verbind en het kern raakpunte. Sake soos klasse verskille, gestremdhede, rassisme en seksisme kan nie in isolasie verstaan word nie, maar moet vanuit die sisteem se onderlinge interseksies interpreteer word.

Onderstaande skets vergroot op bladsy 5.



Hierdie interseksies gee aanleiding daartoe dat daar 'n komplekse sisteem van voordele en laste ontstaan. Blanke mans word hiervolgens verstaan as die mees bevoordeelde wesens op aarde. Almal anders as gegradeerde blanke mans word

dan “gemeet” teen hierdie standaard van bevoorregting. Elke vorm van benadeling tel ten gunste van die persoon en elke vorm van bevoorregting tel ten gunste van die finale totaal. So byvoorbeeld kan ons volgens die teorie stel dat blanke vrouens gunstig bevoordeel word deur hulle ras (blank), maar belas word op grond van hulle geslag (vroulik). Swart mans word bevoordeel deur hulle ras maar belas deur hulle geslag. Swart vrouens word deur die sisteem belas omdat hulle belas word deur geslag en ras. Hoe meer sake teen 'n mens tel, hoe hoër op die prioriteitslys vir regstellende aksie is die persoon.

Dit is duidelik dat daar 'n piramiede van benadeeldes is wat geregtigheid kan eis. Die is teen hierdie agtergrond wat mense wil beweer dat die ideale BEE-aanstelling dus 'n chronologies gestremde (ou) swart lesbiese dame in 'n rolstoel is. Teen sodanige persoon tel geslag, ras, ouderdom, gestremdheid en seksuele voorkeur. Baie punte werd op die BEE skaal.

Die gemeenskap se matriks is volgens die teorie een waarin bevoordeling en onderdrukking sistemies verskans is. Die teorie beweer dit moet reg gestel word en dit is waar regstellende aksie ter sprake kom. Mense se laste (gestremdhede – benadelingsvlakte) word gemeet en dan word maatskappye se BEE status gemeet aan die vlak van bevoordeling van die “onderdruktes”.

Dit is opvallend dat daar in terme van absolute teenpole redeneer word. Indien een persoon of groep bevoordeel word, aanvaar hulle dat dit beteken dat 'n volgende persoon onderdruk word. Hoe is dit hier van toepassing? Terwyl daar blankes is en in besonder blanke mans, is die sisteem

steeds van toepassing en gaan regstellende aksie steeds vereis word.

Waarom is sosiale geregtigheid van belang? Lesers kan gerus gaan nalees oor Adorno en ander Neo-Marxiste. Hulle het Marx se denke oor ekonomiese wanbalans en (volgens sy teorie) ekonomiese onderdrukking verander na 'n teorie oor sosiale (on)geregtigheid. Hulle definisie van sosiale geregtigheid is een waarin daar pariteit tussen alle mense is, in alle ruimtes van menswees.

Pariteit verwys na die feit dat voorstaanders van sosiale geregtigheid **gelykheid van resultaat vereis en nie gelykheid van geleentheid nie**. Dit verklaar dan ook die kwota sisteme wat eis dat die land se bevolkingverdeling in die markplek en op die sportveld proporsioneel verteenwoordig moet word. Solank daar mense is wat uitstyg, sal daar rede wees tot opstand.

In die RSA sal die rangorde van benadeeldes bly staan, bloot op grond van genetika en geslag. Sommiges sal meer eise stel as ander, maar die slagorde van slagoffers sal in rangorde hulle onverdiende pond vleis bly eis. Met eish ja, met eish.<sup>1</sup>

## BERIGTE

- Na aanleiding van 'n navraag wat ontvang is, kan ons net stel dat die doel van die predikante se byeenkoms waar ons oor die doop praat, is om ons teologie te toets. Dit sal nie noodwendig uitloop op die formulering van 'n nuwe formulier nie.

---

<sup>1</sup> Vind meer uit oor die teorie by onder andere;  
[www.youtube.com/watch?v=cYpELqKZ02Q](https://www.youtube.com/watch?v=cYpELqKZ02Q)  
[www.lgbtq.unc.edu/sites/lgbtq.unc.edu/files/documents/intersectionality\\_en.pdf](http://www.lgbtq.unc.edu/sites/lgbtq.unc.edu/files/documents/intersectionality_en.pdf)  
[http://socialdifference.columbia.edu/files/socialdiff/projects/Article\\_Mapping%20the%20Margins%20by%20Kimble%20Crenshaw.pdf](http://socialdifference.columbia.edu/files/socialdiff/projects/Article_Mapping%20the%20Margins%20by%20Kimble%20Crenshaw.pdf)

Teologiese nadenke en slyp van denke is belangrik vir elke predikant. GHG predikante kom D.V. op 27-28 April 2016 bymekaar om in diepte oor die doop te praat; alvorens daar gekyk sal word na moontlike nuwe formuliere. **Alle predikante word opgeroep** om die byeenkoms by te woon. U moet u teenwoordigheid bevestig. U word versoek om u bywoning teen Vrydag 15 April te bevestig. [gimwol@yahoo.com](mailto:gimwol@yahoo.com)

- **GELOOFSBOND KWILT 2016**

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekombes/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.

Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmekaargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekaar gebind is.

Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer.

Elke gemeente hekel 4 of meer blokke in aardse kleure van presies 20 cm in omtrek. Maak asseblief seker dat dit vir **Ina Steenkamp** voor Dinsdag, 31 Mei 2016 bereik.

U kan haar telefonies of per epos kontak by **[auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za) of 0829082831**.

Lootjielyste sal binnekort beskikbaar gestel word en kan bestel word by Ella Joubert per adres: [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

**Die sluitingsdatum vir die ontvangs van alle blokke is 31 Mei 2016.**

- Indien u graag wil help om die kwilt aanmekaar te sit, kontak vir Yvette Otto by 0722237522.

- **GELOOFSBOND OMGEE**

Jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiermyn in Cullinan DV op Vrydag, 10 Junie vanaf 10:00.

Die Dorkas van Premiermyn nooi alle emeriti en/ of hul gades na 'n heerlike 3-gang maaltyd met boerekos en bederf op 10 Junie 2016 vanaf 10:00.

U as leraar is ook welkom om saam te kom kuier of om 'n boodskap te stuur wat ons aan die emeriti en hul gades kan voorlees.

RSVP asseblief voor 4 Mei by **Hanlie 0824174466**.

- **Koster** gemeente het weer hulle jaarlikse Eisbeinfees aangebied. Hulle het besluit om die hele gemeenskap te betrek. Die fees was 'n groot sukses en dit is duidelik dat hierdie projek suksesvol is, gaan groei en tot voordeel van die hele gemeenskap is en gaan wees. Geluk aan ds. Alberts en die gemeente.

- **Vaalwater** gemeente is vakant. Dr Malan Storm gaan elke tweede week daar preek en die gemeente pastoraal bystaan.

- **Roedtan** gemeente sal deur ds. Elmien Oosthuizen bedien word tot einde Junie 2016.

- **Pietersburg** gemeente het 'n kontrak met ds. Thys Fourie onderteken. Hy sal in die gemeente werkzaam wees tot einde Desember 2016, waarna die kerkraad weer oor bediening sal besin.

- Gemeente Meyerspark doen weekliks besoek by die Wilgers hospitaal. Wat besoeke bemoeilik, is dat pasiënte baie keer nie hulle kerkverband op die opname vorm invul nie. Gevolglik het die hospitaal nie rekord van watter mense van die Hervormde Kerk in die hospitaal is nie. Ons wil graag

almal besoek, ook lidmate van ander gemeentes. Skryf "Hervormd" of "GHG" by "Kerkverband" op die registrasie-vorm.

## KENNISGEWINGS

### Advertisies

Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg:  
[https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif\\_t=page\\_wall](https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall)

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Steve Hofmeyr tree op by Premiermyn Hervormde Kerk. Saterdag 23 April 2016. Beperkte sitplekke nog beskikbaar. Kontak Alta vir kaartjies 082 682 1252
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – nabyst Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).
- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.


<http://www.geloefsbond.org.za/>

### Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
  - Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorieboeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by 018 381 1494.



**23 April 2016 om 19:00  
 Hervormde Kerk, Cullinan  
 H/v Zonderwater & R515  
 R200-00 per persoon  
 Kerrie & Rys R30-00  
 Besprekings: Alta 082 682 1252**

Hierdie is slegs 'n voorbeeld van die versameling voorregte en nadele wat genoem word.

